Kerkspieël 2006:Lidmate in die verskillende streke (Kobus Schoeman)

Tabel : Verspreiding van lidmate in streke						
	Klein Platteland	Platteland	Grootdorp	Buiten-gewoon	Voorstad	Totaal
NGK 2006	12	15	18	0	55	100
NGK 2004	11	15	18	3	52	100
NGK 2000	12	16	16	9	47	100
NGK 1996	12	17	16	8	48	100

Waar woon die lidmate van die NG Kerk? Meer as die helfte (55%) van die lidmate van die NG Kerk woon in voorstedelike gebiede en 27% woon in klein plattelandse en plattelandse streke. Lidmate in buitengewone gemeentes het afgeneem van 9% in 2000 tot 3% in 2004. Die kategorie is by die stedelike gemeentes in die 2006 opname gevoeg, aangesien die meeste van die gemeentes deel van naburige gemeentes , veral in stedelike gemeentes gewod het.

Omskrywing van die streke

Sedert die opname van Kerkspieël II (1986) is gemeentes volgens streektipes geklassifiseer. Vir die doel van die Kerkspieël-opnames word die streke soos volg gedefinieer:

- **Klein Plattelandse gemeente:** ’n Gemeente wat op ’n heel heel klein dorpie/gemeenskap geleë is waar daar net een leraar is.
- **Plattelandse gemeente:** ’n Gemeente wat in ’n dorp geleë is wat so groot is dat daar twee tot vier NG leeraars werksaam is (ongeag die aantal gemeentes).
- **Grootdorp gemeente:** ’n Gemeente wat geleë is in ’n dorp met meer as vier NG leraars, ongeag die aantal gemeentes.
- **Woonstel/buitengewone gemeente:** Dit sluit onder andere in enkelindustrie-, militêre-, middestad-, studentegemeentes en gemeentes vir andertaliges. Die kategorie is met die 2006 opname saam met die voorstedelike kategorie gevoeg.
- **Voorstedelike gemeente**: ’n Gemeente in ’n voorstad geleë en sluit woonhuise, meenthuise en woonstelle in. Dit kan ook kleinhoewes insluit.

Tabel : Verspreiding van lidmate in streke volgens sinodale gebied							
Sinode		**Klein Platteland**	**Platteland**	**Grootdorp**	**Buiten**	**Voorstad**	**Totaal**
Wes-Kaap	**2000**	14	18	25	8	35	100
	2004	11	17	29	4	39	100
	2006	15	20	26		39	100
Oos-Kaap	**2000**	21	25	20	1	33	100
	2004	18	18	24	1	39	100
	2006	17	22	21		40	100
Noord-Kaap	**2004**	35	31	9	0	26	100
	2006	32	28	18		22	100
Natal	**2004**	14	11	35	1	39	100
	2006	14	17	32		37	100
Vrystaat	**2004**	15	25	11	4	46	100
	2006	15	22	13		50	100
Wes-Tvl	**2004**	6	10	18	0	65	100
	2006	6	10	25		59	100
Noordelik	**2000**	4	8	4	17	67	100
	2004	4	10	8	8	70	100
	2006	6	7	7		80	100
Hoêveld	**2004**	2	3	3	5	88	100
	2006	3	0	4		94	100
Oos-Tvl	**2004**	11	17	25	2	45	100
	2006	11	15	26		48	100
Namibië	**2004**	38	5	12	4	41	100
	2006	29	20	12		40	100

Grafiese voorstelling van die lidmate per streek



Uit die voorafgaande kan die volgende afgelei word:

- ongeveer ‘n kwart van die lidmate is deel van klein plattelandse en plattelandse gemeentes;
- meer as die helfte van die lidmate woon in voorstedelike gemeentes;
- elke sinodale gebied het ‘n unieke samesteling. Die Hoëveld sinode is die mees verstedelik (94%) en die Noord Kaap het die meeste lidmate in plattelandse gemeentes (60%)
- dit is baie moeilik om lidmate en gemeentes in terme van ‘n enkele of ‘n paar veranderlikes te beskryf. Elke gemeente het ‘n eie en unieke demografiese samestelling.